*Communicare 6(2):56-63*

# Televisie- en Videokykpatrone in die gesin: 'n Monitoropname

**Maretha de Waal**



*Maretha de Waal*

*Maretha de Waal is 'n navorser by die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing by die R.G.N.*

**TELEVISION and video viewing patterns in the family: a monitoring survey.**

**This study focuses on the family as the social context of electronic mass media usage, with special reference to television and video viewing. In a countrywide telephone survey interviews were conducted with family members selected on the basis of a random sample. The findings indicate that most of the parents and their children watch television as a family and that certain television programmes can stimulate conversations and can improve relations among family members. As in the case of television viewing, the results indicate that video viewing is also a family activity, as about two-thirds of the respondents mostly watch video films within the context of the family. Most of the parents control video viewing in the family by objecting to the hiring of certain types of video films, and by knowing what type of video films their children watch with their friends.**

## 1. Inleiding

Die Amerikaanse kommunikasienavorser D.F. Roberts beskou die ontwikkeling van die massamedia soos dit in die Amerikaanse samelewing plaasvind, soos volg: "Now there is no doubt that a great many dramatic changes have occurred in communication technology during the past 10 years. But I want to suggest that we are witnessing not a revolution, but the leading edge of an evolution" (Roberts, 1986:5). Hiermee impliseer Roberts dat die Amerikaanse samelewing op die vooraand van ingrypende verandering in massamediagebruik staan, nie deurdat die oue met die nuwe vervang word nie, maar deurdat bestaande tegnologie deur nuwe ontwikkelings aangevul word, wat verder weer 'n impak op die gevestigde Amerikaanse lewenswyse kan hê.

Soos in die VSA kan die situasie in Suid-Afrika ten opsigte van die ontwikkeling van die elektroniese massamedia ook eerder evolusionêr as rewolusionêr beskou word. Hoewel Suid-Afrika die laaste geïndus-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

trialiseerde Westerse land was wat televisie ingestel het (amptelik op 5 Januarie 1976), beleef Suid-Afrika tans 'n periode van snel ontwikkelende elektroniese tegnologie. In hierdie verband wys Van Vuuren (1985:11) veral na die ontwikkeling van videotegnologie, satellietkommunikasie, verbeterde kabeltegnologie, videokameras, videoskyfspelers en nuwe inligtingsisteme wat aanvullend tot die bestaande tegnologie besig is om op 'n evolusionêre wyse ook in Suid-Afrika 'n werklikheid te word.

Waar daar in die beginjare van radio in Suid-Afrika eintlik min navorsingsinsette oor die invloed van die elektroniese massamedia gemaak is, is verskeie projekte sedert die instelling van televisie in die RSA oor 'n verskeidenheid aspekte onderneem, waaronder die inhoud van televisieprogramme en die invloed van televisie op die kyker (Van Vuuren, 1985:12). Gedurende 1983 is 'n aanvang gemaak met die jaarlikse onderneming van landwye telefoonopnames ten einde die televisie- en videogebruikpatrone van kinders en volwassenes voortdurend te monitor.

Die navorsingsbevindings wat hierdie opnames opgelewer het, dui daarop dat televisiekyk nie 'n geïsoleerde aktiwiteit is wat indiwidueel verrig word nie, maar dat televisiekyk hoofsaaklik 'n aktiwiteit is wat binne die konteks van die huisgesin plaasvind en waarin al die gesinslede deel. Ten einde die hipotese te toets dat massamediagebruik in die breë ook hoofsaaklik binne die konteks van die huisgesin plaasvind, is dit belangrik om nie net indiwidue nie, maar ook die huisgesin as 'n sisteem in hierdie veranderende massamediasituasie te bestudeer.

Die ondersoek waaroor in hierdie artikel gerapporteer word, het in September 1986 plaasgevind en fokus op die televisie- en videokykpatrone van kinders en hul ouers soos dit binne die huisgesin plaasvind.

## 2. Navorsingsontwerp

Hoewel telefoonopnames geen nuwe fenomeen is nie, is dit tot onlangs wêreldwyd selde as data-insamelingsmetode gebruik (Miller en Cannell, 1982:250). Vanweë die voordeel van koste- en tydbesparing word telefoonopnames toenemend meer gebruik, veral onder volwassenes vir meningspeilings en marknavorsing. Binne die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN het die reeks telefoonopnames wat tot op hede onderneem is, baie waardevolle data opgelewer wat aan die vereistes van betroubaarheid en geldigheid vir empiriese navorsing voldoen.

### 2.1 Die steekproef

Ten einde die televisie- en videokykpatrone van kinders en hul ouers binne die gesin deur gereelde telefoonopnames te monitor, is blanke huishoudings van wie die telefoonnommer in die telefoongidse van die RSA verskyn, as populasie geneem, aangesien ongeveer 90% van die blanke volwassenes oor die gebruik van 'n telefoon in hul wonings beskik.[1] Aangesien die populasie waarskynlik nie homogeen in die telefoongidse verskyn nie, is 'n opname gemaak van die verspreiding van die blanke bevolking in die gebiede waarvoor afsonderlike gidse bestaan, volgens die bevolkingsensussyfer vir 1980.

Vanweë die moontlike effek van klonting wat ewekansige steekproeftrekking kan lewer, is die steekproef sistematies saamgestel deur elke "soveelste" nommer in die gidse vir elke gebied op elke "soveelste" bladsy te gebruik. Op hierdie wyse is 'n steekproef van 2 000 telefoonnommers getrek. Slegs huishoudings wat oor 'n televisiestel beskik, is by die ondersoeke betrek.

In die ondersoek waaroor hier gerapporteer word, moes die onderhoudvoerders op 'n 50-50-basis by alternatiewe steekproefeenhede met òf 'n manlike, òf 'n vroulike volwassene 'n onderhoud voer. Hierdie volwassene moes verkieslik een van die ouers wees indien daar kinders in die gesin is. Daarna moes die onderhoudvoerders vasstel of daar 'n kind in standerd 3 tot 10 in die gesin is. Indien daar meer as een kind in hierdie standerds was, moes die onderhoudvoerders 'n respondenttabel gebruik om die kind te selekteer wat in die steekproef betrek moes word. Die ouers



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

moes voorts toestemming verleen dat hul kinders aan die ondersoek kon deelneem.

## 2.2 Die meetinstrumente

Onderhoude is aan die hand van vooraf opgestelde telefoonvraelyste gevoer. Die ondersoek waarna hier verwys word, was wyer as wat hier gerapporteer word, en slegs die volgende gedeeltes van die vraelyste is van toepassing vir die doel van hierdie artikel:

(1) 'n Aantal vrae ten opsigte van die biografiese agtergrond, die hoeveelheid televisiekyktyd van die ouers en die besit van 'n videokassetopnemer (VCR). Hierdie vrae moes deur 'n volwassene by elke steekproef-eenheid beantwoord word.

(2) Vrae oor *The Cosby Show,* die gebruik van videokassetopnemers en -spelers en beheer oor die kyk na gehuurde videofilms in die gesin. Hierdie vrae is net deur ouers beantwoord wat 'n kind/kinders in standerd 3 tot 10 het.

(3) Vrae oor die geslag en skoolstanderd van die kind, sowel as vrae oor die televisie- en videokykpatrone van die kind binne die gesin en saam met sy/haar vriende. Al die kinders moes hierdie vrae beantwoord.

## 2.3 Insameling van die gegewens

Dertig onderhoudvoerders is deeglik opgelei in die prosedure van telefoon-onderhoudvoering, in die inhoud van die vraelys en die doel met die ondersoek. Die telefoonopname het oor vier weekaande (Maandag tot Donderdag) van 17h00 tot 20h00 gestrek.

## 2.4 Realisering van die steekproef

Uit die steekproef van 2 000 telefoon-nommers wat getrek is, is 1 224 volwassenes en 386 kinders (in standerd 3 tot 10) gevind wat as respondente opgetree het. Tabel 1 dui aan hoe die gerealiseerde steekproef kinders daar uitsien en hoe dit met die skolestatistiek vergelyk wat van die Sentrale Statistiekdiens (1984) verkry is. Hoewel die steekproef en die skolestatistiek in 'n groot mate ooreenstem, is dit belangrik om die seleksie van die respondente op grond van televisiebesit en beskikbaarheid in

**TABEL 1**

**'N VERGELYKING TUSSEN DIE GEREALISEERDE STEEKPROEF KINDERS EN DIE SKOLESTATISTIEK**

| | Steekproef kinders | | Skolestatistiek | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Geslag** | | | | |
| Seuns | 190 | 49,20 | 329 196 | 50,77 |
| Meisies | 196 | 50,80 | 319 150 | 49,23 |
| TOTAAL | 386 | 100,00 | 648 346 | 100,00 |
| **Huistaal** | | | | |
| Afrikaans | 268 | 69,97 | 333 604 | 63, 16 |
| Engels | 115 | 30,03 | 194 523 | 36,83 |
| TOTAAL | 383* | 100,00 | 528 127 | 100,00 |

* Die drie respondente wat 'n ander huistaal as Afrikaans of Engels gerapporteer het, is vir die doel van die vergelyking in tabel 1 weggelaat.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

aanmerking te neem, aangesien die skolestatistiek nie volgens hierdie vereistes saamgestel is nie.

## 3. Bespreking van resultate

In die aanbieding van die resultate word eerstens die televisiekykpatrone en tweedens die videokykpatrone van kinders en hul ouers bespreek. Ten slotte word die ondersoek na die verband tussen die televisie- en videokykpatrone in die gesin bespreek.

### 3.1 Televisiekykpatrone van kinders en hul ouers

(1) Hoeveelheid televisiekyktyd

Die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die respondente per dag televisie kyk, is bereken deur die afsonderlike response van onderskeidelik die kinders en hul ouers op die volgende vrae te summeer en 'n gemiddelde te bereken: "Hoe lank kyk u gewoonlik per weekdag (Maandag tot Donderdag) televisie?", "Hoe lank kyk u gewoonlik op 'n Vrydag televisie?", "Hoe lank kyk u gewoonlik op 'n Saterdag televisie?" en "Hoe lank kyk u gewoonlik op 'n Sondag televisie?" Hierdie vrae is afsonderlik aan die kinders en hul ouers gestel. (Die hoeveelheid televisiekyktyd is slegs van òf die vader, òf die moeder van die kind verkry.)

Die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die kinders en ouers in die steekproef gewoonlik per week televisie kyk, verskyn in tabel 2.

Die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die ouers in die steekproef per week televisie kyk, is 18,1 uur, terwyl kinders gemiddeld 20 uur per week televisie kyk.[2] Hoewel dit op die oog af die geval blyk te wees, bestee die kinders nie noodwendig meer tyd voor die televisie as hul ouers nie, aangesien volwassenes neig om die hoeveelheid tyd wat hulle televisie kyk te onderskat, terwyl kinders neig om te oorskat (Bechtel, Achelpohl en Akers, 1972:298). Wat wel van belang is, is dat 'n positiewe verband bestaan tussen die hoeveelheid tyd wat kinders en hul ouers televisie kyk. Die Pearson korrelasiekoëffisiënte wat bereken is, verskyn in tabel 3 en dui aan dat die hoevelheid tyd wat kinders en hul ouers televisie kyk, statisties betekenisvol ooreenstem.

**TABEL 2**

**GEMIDDELDE HOEVEELHEDE TYD WAT DIE KINDERS EN HUL OUERS TELEVISIE KYK IN DESIMALE URE**

| | Kinders | Ouers |
|---|---|---|
| Weekdae | 2,6 | 2,4 |
| Vrydae | 3,5 | 2,7 |
| Saterdae | 4,1 | 3,8 |
| Sondae | 2,0 | 2,0 |
| GEMIDDELD PER WEEK | 20,0 | 18,1 |

Hoewel die korrelasies in tabel 3 relatief klein is, kom dit voor of daar 'n groter ooreenstemming is in die hoeveelheid tyd wat kinders en hul ouers oor naweke as gedurende die week televisie kyk. Hierdie gegewens toon 'n verband tussen die hoeveelheid tyd wat die kind en/of sy vader of sy moeder televisie kyk. 'n Onderlinge verband kan egter verwag word tussen die hoeveelheid tyd wat al die gesinslede aan televisiekyk bestee op grond van die bevinding van De Waal (1986), wat 'n statisties betekenisvolle positiewe onderlinge verband gevind het tussen die hoeveelheid tyd wat standerd 8-leerlinge, hul vaders en hul moeders televisie kyk.

(2) Televisiekykkonteks

'n Moontlike verklaring vir die ooreenkoms in die hoeveelheid televisiekyktyd van die onderskeie gesinslede, is dat die meeste gesinne met kinders in standerd 3 tot 10, naamlik 77,8%, oor slegs een televisiestel beskik en gevolglik nie anders kan as om saam televisie te kyk nie. Ter bevestiging hiervan het die meeste kinders (82,1%) gerapporteer dat hulle gewoonlik saam met hul gesinne na hul gunstelingtelevisieprogramme kyk.

Dat televisiekyk 'n aktiwiteit is wat gewoonlik gesamentlik deur die gesinslede



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## TABEL 3

### KORRELASIEKOËFFISIËNTE TEN OPSIGTE VAN DIE VERBAND TUSSEN DIE HOEVEELHEID TYD WAT KINDERS EN HUL OUERS AAN TELEVISIEKYK BESTEE

| Hoeveelheid tyd wat ouers aan televisiekyk bestee | Maandae tot Donderdae | Vrydae | Saterdae | Sondae | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Totaal** | | | | | 0,10632** |
| Sondae | | | | 0,15547* | |
| Saterdae | | | 0,14575** | | |
| Vrydae | | 0,15077** | | | |
| Maandae tot Donderdae | 0,10726* | | | | |

Hoeveelheid tyd wat kinders aan televisiekyk bestee

* $p < 0,05$
** $P < 0,01$

beoefen word, is reeds in verskeie vorige opnames bevind (vergelyk Pitout, 1985, Heyneke, 1986 en De Waal, 1985). De Waal (1985) toon verder ten opsigte van kinders se deelname aan gesinsaktiwiteite dat jonger kinders in 'n groter mate saam met die gesin televisie kyk, terwyl ouer kinders, wat neig om meer as jonger kinders aan portuurgroepaktiwiteite deel te neem, meer dikwels saam met hul vriende televisie kyk.

Die bevinding dat televisiekyk 'n sosiale aktiwiteit is wat die gesinslede saam beoefen, sny weer eens die vraag aan of televisiekyk gesinskommunikasie bevorder of belemmer.

Ten einde lig op hierdie vraag te werp, is die Amerikaanse gesinskomedie, *The Cosby Show,* in die ondersoek gebruik. Op die vraag wat aan die ouers gestel is "Saam met wie kyk u gewoonlik na *The Cosby Show?"* het die meeste ouers geantwoord dat hulle gewoonlik as gesin saam na die program kyk (92,3%) en dat hulle die program met mekaar bespreek (61,2%). Ten opsigte van *The Cosby Show* was 37,7% van die ouers van mening dat hierdie program bevorderlik is vir onderlinge verhoudings in hul gesin. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar wel programme op televisie gebeeldsaai word wat gesprek tussen gesinslede kan stimuleer.

## 3.2 Videokykpatrone van kinders en hul ouers

(1) Videobesit

Die besit van videokassetopnemers onder gesinne met kinders in standerd 3 tot 10 het sedert 1983 drasties toegeneem, naamlik van 18,94% (De Waal, 1985) tot 51,55% in 1986 soos in hierdie opname bevind is. Hierbenewens het 9,57% van die gesinne in die 1986-steekproef gerapporteer dat hulle videokassetspelers huur. Die hoeveelheid gesinne met kinders in standerd 3 tot 10 wat 'n videokassetopnemer besit, is heelwat hoër as die gemiddeld van die steekproef vir die totale groep, wat respondente insluit wat nie kinders in hierdie ouderdomsgroep het



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

nie, naamlik 41,7%. Hierdie syfer het heelwat sedert 1984 toegeneem, toe 'n videobesitsyfer van 27% deur Heyneke (1986) gerapporteer is. Die meeste huishoudings wat 'n videokassetopnemer besit, is Engelstalig met kinders in die hoërskool.

(2) Videokykpatrone van kinders en hul ouers

Dit kom voor of videokassetopnemers in huishoudings sonder kinders in standerd 3 tot 10 gebruik word om sowel gebeeldsaaide televisieprogramme op te neem (38,6%) as om na gehuurde videofilms te kyk (37,19%). In hierdie verband het 27,48% van die respondente gerapporteer dat hulle daagliks of weekliks gebeeldsaaide televisieprogramme opneem, terwyl 11,17% ongereeld televisieprogramme op videoband opneem.

In gesinne met kinders in standerd 3 tot 10 word videokassetopnemers veral gebruik om na gehuurde videofilms te kyk (52,07%) en minder gereeld om gebeeldsaaide televisieprogramme op te neem (34,97%). In hierdie gesinne kyk 16,5% van die kinders minstens een keer per week na gehuurde videofilms, 29,3% kyk maandeliks en 35,7% van die kinders kyk slegs gedurende vakansietye of ongereeld na gehuurde videofilms.

(3) Videokykkonteks

Wat gehuurde videofilms betref, het 62,7% van die kinders gerapporteer dat hulle gewoonlik tuis saam met hul gesinslede na gehuurde videofilms kyk, en 36,4% kyk gewoonlik by hul vriende se huise na gehuurde videofilms. Die meeste van hierdie kinders was hoërskoolleerlinge. Waar die gesin gewoonlik saam na gehuurde videofilms kyk, verkies hulle komedies en tekenprente, terwyl kinders en hul vriende gewoonlik aksieprente en avontuurverhale soos Wilde-Weste-verhale, wetenskapsfiksie, speurverhale en rillers verkies.

Uit die bovermelde bevindings kan afgelei word dat videogebruik, soos televisiekyk, ook 'n aktiwiteit is wat gewoonlik binne die gesin beoefen word, en dat 'n lid van die gesin meesal die videofilms kies wat gehuur word. Wat in hierdie verband interessant is, is dat die meeste ouers nogtans beheer uitoefen oor die keuse van gehuurde videofilms waarna hul kinders kyk.

(4) Ouerlike beheer oor videokyk.

Ten einde ondersoek in te stel na 'n moontlike verband tussen die vrae wat gestel is ten opsigte van die toepassing van ouerlike beheer oor videokyk deur kinders, wie gewoonlik die gehuurde videofilms kies waarna die kinders kyk en saam met wie hulle gewoonlik daarna kyk, is die logitmodel van die loglineêre ontledingstegniek toegepas. Hierdie ontleding is gebaseer op die aanpassing van 'n hiërargiese model op die selfrekwensies van 'n meerveranderlike frekwensietabel en is toegepas deur gebruikmaking van die BMDP4F-rekenaarprogram. Die doel met die ontleding was om die sterkte of graad van die assosiasie tussen die kategorieë van die afhanklike veranderlike en die verklarende veranderlikes of interaksies daartussen te bepaal. Nadat 'n geskikte model gevind is, is die parameters (lambda) wat in die model voorkom, geskat en hul gestandaardiseerde waardes is bereken. Hierdie waardes is as statisties betekenisvol beskou wanneer die waardes kleiner as -1,96 of groter as 1,96 was. Die versadigde loglineêre model is deurgaans gepas. Vir hierdie model is die verwagte selfrekwensie presies gelyk aan die waargenome selfrekwensie en gee dit gevolglik perfekte passing.

Volgens die logit-ontleding het statisties betekenisvol[3] minder ouers gerapporteer dat hulle beheer oor videokyk in die gesin toepas, (ratio[4] = -2,572) as wat daar was wat gerapporteer het dat hulle nie beheer oor videokyk toepas nie (ratio = 2,572). Waar ouers wel gerapporteer het dat hulle beheer toepas oor die videofilms waarna hul kinders kyk, kyk die kinders gewoonlik tuis na gehuurde videofilms (ratio = 3,661). In hierdie gevalle word die videofilms gewoonlik deur 'n gesinslid gekies (ratio = 6,183). Internalisering van gesinsnorme by die keuse van gehuurde videofilms word geïmpliseer deurdat die meeste kinders, wanneer hulle self videofilms huur, dieselfde kriteria as hul ouers toepas, naamlik deur te let op die soort videofilm (85,9%), of deur te let op die inligting op die omslag ten opsigte van die inhoud van die videofilm (77,2%). Minder as die helfte van die kinders in die steekproef



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

het gerapporteer dat hulle die voorgeskrewe ouderdomsbeperking in ag neem by hul keuse van videofilms (47,8%). Hierdie bevinding dui egter nie daarop dat die ander kinders in die steekproef die ouderdomsbeperking oortree nie, aangesien hierdie kinders moontlik 'n voorkeur vir videofilms het waarop geen ouderdomsbeperking van toepassing is nie, soos in die gevalle van die meeste komedies, avontuurverhale, diereverhale en tekenprente.

In teenstelling met ouers wat gerapporteer het dat hulle beheer toepas oor die videofilms waarna hul kinders kyk, is daar ook ouers wat nie beheer toegepas het nie. Hierdie kinders kyk in die meeste gevalle na videofilms wat deur persone buite die gesin gekies word (ratio = 2,873) en kyk ook gewoonlik elders na hierdie videofilms (ratio = 3,661), wat in die meeste gevalle by hul vriende is (ratio = 6,523). Hoewel hierdie kinders se ouers gerapporteer het dat hulle nie beheer toepas oor die gehuurde videofilms waarna hul kinders kyk nie, het die meeste van hierdie kinders (79,3%) gerapporteer dat hul ouers dikwels weet na watter videofilms hulle en hul vriende kyk. Slegs 14,7% van die kinders het gerapporteer dat hul ouers selde weet na watter videofilms hulle en hul vriende kyk, en slegs 6% van die kinders het gerapporteer dat hul ouers nooit weet na watter videofilms hulle en hul vriende kyk nie.

## 3.3 Die verband tussen televisie- en videokykpatrone in die gesin

Afgesien daarvan dat die meeste kinders (62,7%) aangedui het dat videokyk, soos televisiekyk, aktiwiteite is wat hulle hoofsaaklik binne die huisgesin beoefen, is die volgende statisties betekenisvolle verbande gevind tussen die televisie- en videokykpatrone in die gesin:

Die totale hoeveelheid tyd wat kinders aan televisiekyk bestee en die gereeldheid waarmee hulle na gehuurde videofilms kyk, toon 'n statisties betekenisvolle verband. Die eenrigting-variansieanalise (ANOVA) wat uitgevoer is, dui daarop dat 'n relatief sterk verband tussen hierdie veranderlikes bestaan. 'n Meervoudige vergelykingsprosedure (DUNCAN), wat neerkom op die toetsing van verskille tussen gemiddeldes, is vervolgens gebruik.

Die meervoudige vergelykingsprosedure is toegepas om vas te stel of verskille bestaan tussen die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die leerlinge aan televisiekyk bestee en die mate van gereeldheid waarmee hulle na gehuurde videofilms kyk.

'n Betekenispeil van 0,05 is in hierdie ondersoek as afsnypunt in die DUNCAN-ontleding gebruik.

Die bevindings van hierdie vergelykingsprosedure het getoon dat kinders wat gereeld (weekliks, N = 64, of maandeliks, N = 114) na gehuurde videofilms kyk, gemiddeld meer tyd aan televisiekyk bestee, naamlik 12,03 tot 12,08 uur per week, as kinders wat nooit na gehuurde videofilms kyk nie (N = 72). Hierdie kinders kyk gemiddeld 10.08 uur per week na televisie.

Afgesien van die bovermelde verband, kon geen verbande gevind word nie tussen

— die persone saam met wie die kinders onderskeidelik na televisie en na gehuurde videofilms kyk;

— die voorkeure van kinders ten opsigte van televisieprogramme en gehuurde videofilms;

— die aantal televisiestelle en videokassetopnemers wat in die huis voorkom.

## 3.4 Samevatting

Die resultate van hierdie landwye telefoonopname onder blanke gesinne bestaande uit skoolgaande kinders in standerd 3 tot 10 en hul ouers kan soos volg saamgevat word:

(1) Televisiekykpatrone

Die respondente in hierdie steekproef is, in vergelyking met oorsese kykers, matige televisiekykers, en die hoeveelheid tyd wat kinders en hul ouers aan televisiekyk bestee, stem statisties betekenisvol ooreen. Die meeste gesinne beskik oor 'n enkele televisiestel wat tot gevolg het dat die gesinslede nie anders kan as om gewoonlik saam televisie te kyk nie. In samehang hiermee het die meeste kinders gerapporteer dat hulle gewoonlik saam met die gesin na hul gunstelingtelevisieprogramme kyk. Die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

moontlikheid dat hierdie saamkykaktiwiteit gesprek tussen die gesinslede gaan ontlok word versterk deur die bevinding dat daar wel programme is waarna die gesinslede saamkyk en met mekaar bespreek. In aansluiting hiermee was 'n groep ouers verder van mening dat daar programme is wat bevorderlik is vir die onderlinge verhouding in hul gesinne.

(2) Videokykpatrone

Ongeveer 60% van die huishoudings in hierdie ondersoek besit of huur 'n videokassetopnemer. Hierdie syfer het in die afgelope tyd skerp gestyg en is die hoogste by Engelstalige gesinne met leerlinge in die hoërskool. Die meeste kinders kyk binne die konteks van die huisgesin na gehuurde videofilms, wat gewoonlik deur 'n gesinslid gehuur word. Sommige ouers het gerapporteer dat hulle beperkings toepas ten opsigte van die soort videofilms wat gehuur word. Die gesin verkies meesal komedies en tekenprente en kyk daarna vir ontspanning en vermaak.

Die kinders wat gewoonlik saam met hul vriende na gehuurde videofilms kyk, verkies aksieprente en avontuurverhale. Hierdie films word gewoonlik deur die kinders self of deur hul vriende gehuur. Hoewel die meeste ouers gerapporteer het dat hulle nie beheer toepas oor die videofilms waarna hul kinders op hierdie wyse kyk nie, het die meeste van hierdie kinders gerapporteer dat hul ouers wel gewoonlik weet na watter soort gehuurde videofilms hulle by hul vriende kyk. Die kinders wat gerapporteer het dat hulle by hul vriende na gehuurde videofilms kyk sonder dat hul ouers kennis dra van die soort film waarna hulle kyk, is proporsioneel baie klein en was hoofsaaklik hoërskoolleerlinge. Dit kom ook voor of kinders, wanneer hulle self 'n videofilm huur, dieselfde kriteria as hulle ouers toepas deurdat hulle hierdie spesifieke norme van hul ouers geïnternaliseer het.

(3) Die verband tussen televisie- en videokykpatrone in die gesin

Televisiekyk, sowel as videokyk, is aktiwiteite wat hoofsaaklik binne die konteks van die huisgesin plaasvind. 'n Verband bestaan tussen die hoeveelheid tyd wat kinders aan televisiekyk en aan videokyk bestee: kinders wat gereeld na gehuurde videofilms kyk, bestee ook meer tyd aan televisiekyk as kinders wat nooit na gehuurde videofilms kyk nie.

## 4. Gevolgtrekking

Soos televisiekyk, waarby die opneem van gebeeldsaaide televisieprogramme ingesluit is, is die gebruik van videokassetopnemers om na gehuurde videofilms te kyk hoofsaklik aktiwiteite wat nie alleen binne die konteks van die huisgesin plaasvind nie, maar ook 'n belangrike impak op die gesinslewe uitoefen deurdat televisieprogramme en videofilms as gesprekmateriaal deur die gesinslede gebruik kan word. Deur as 'n gesin saam na televisieprogramme en gehuurde videofilms te kyk, word die geleentheid vir al die gesinslede geskep om saam te ontspan — 'n aktiwiteite wat op sy beurt kommunikasie en hegtheid van bande in die gesin kan versterk.

## Notas

Ondertellings kom voor in die ouderdomsgroep 18-24 jaar as gevolg van veral studente en militêre dienspligtiges wat in groepbehuising soos koshuise en barakke woon. Hierdie deel van die bevolking is nie by die ondersoek betrek nie, aangesien die steekproef uit gesinne met skoolgaande kinders bestaan het.

Dit is effens minder as wat in ander nasionale opnames gevind is. So is daar byvoorbeeld in 'n landwye opname in 1986 deur die Suid-Afrikaanse Reklame-Navorsingstigting bevind dat blanke volwassenes, 16 jaar en ouer, gedurende die periode Julie tot September 1986, gemiddeld 22,51 uur per week aan televisiekyk bestee het (AMPS-Dagboek, Julie-September 1986: 10b). Hierdie steekproef sluit egter respondente in wat nie noodwendig deel van 'n gesin is nie.

Die waardes wat in hierdie paragraaf gerapporteer word, is betekenisvol op die 5%-peil (afsnypunt 1,96).

Ratio verwys na die verhouding van die loglineêre parameterskattings (lambda) tot hul standaardfout.

## Verwysings

Bechtel, R.B. Achelpohl, C. en Akers, R.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

(1972) Correlates between observed behavior and questionnaire responses on television viewing. Uit Rubinstein, E.A., Comstock, G.A. en Murray, J.P. (Reds.) *Television and social behavior vol. IV. Television in day-to-day life: Patterns of use.* Washington, D.C.: Government Printing Office: 314-335.

De Waal, M. (1985) *Die rol wat televisiekyk, videogebruik en enkele ander gesinsaktiwiteite in gesinskommunikasie speel.* KOMM-N-110. Pretoria: RGN.

De Waal, M. (1986) *Die verband tussen televisiekyk, kommunikasie en kohesie in die gesin.* Verslag KOMM-46. Pretoria: RGN.

Heyneke, M. (1986) *Mediagebruik van skoolkinders en die rol wat hul ouers daarin speel.* KOMM-N-138. Pretoria: RGN.

Miller, P.V. en Cannell, C.F. (1982) A study of experimental techniques for telephone interviewing. *Public Opinion Quarterly,* vol. 46: 250-269.

Pitout, M. (1985) *Televisiekykpatrone van die skoolgaande jeug: standerd 3- tot 5-leerlinge.* Pretoria: RGN.

Roberts, D.F. (1986) Comments on the communication revolution in the United States. *Communicare,* vol. 5(1): 4-11.

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. (1984) *Statistiese nuusbrief. Onderwysstatistieke 1983 en 1984 opsomming.* Pretoria: Staatsdrukker.

Van Vuuren, D.P. (1985) Die uitdaging aan die elektroniese massamedia. *Opvoedkundige Programme RTV1,* vol. 1(1): 9-19.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).